GROEIGROEP MATERIAAL

ONE Love Reeks

Afsluiting van pinkster 2018

'Dissipelskap'

Opening

Gesels saam en deel stories oor julle kinderdae. Gesels saam oor die speletjie wat ons glo almal al êrens gespeel het - "Follow the leader"

Hoe werk die spel? Wat is die reëls?

_____

_____

KOM ONS BEGIN

Uit Sondag se erediens is daar vertel:

Baie mense vandag noem hulleself Christene, maar daar is 3 kategorieë waarin Christene opgedeel kan word:

- **Bewonderaars,**
  - Bewonder die stories van Jesus
  - Bewonder wie Jesus was
  - Bewonder die Christelike geloof
- **Leerlinge**
  - Mense wat van hom leer
  - Ken Bybel en teorie
  - Prakties leef hulle die Christelike geloof nie
- **Dissipels**
  - Wat in woord en daad doen wat Jesus gedoen het
  - Wat Hom volg en praktiese Christenskap uitleef
  - Wat gehoorsaam is aan Sy Woord en Gees

Bespreek elkeen van hierdie kategorieë in diepte. Kan daar nog 'n kategorie bygevoeg word?

_____

_____

Wanneer ons by Christenskap kom wil baie mense uitklim uit die spel van FOLLOW THE LEADER.
Is dit moeilik om Jesus te volg?
Hoekom dink jy is dit so?

_____

_____

KOM ONS LEES

Matteus 16:24-28

INHOUD & GESPREK

Wat kom by jou op as jy die woorde hoor – *"Ek is 'n Christen"*

_____

_____

Mahatma Gandhi is eendag deur 'n vriend gevra:

"IF YOU ADMIRE CHRIST SO MUCH, WHY DON'T YOU BECOME A CHRISTIAN?

Mahatma Gandhi se antwoord op die vraag

"WHEN I MEET A CHRISTIAN WHO IS A FOLLOWER OF CHRIST, I MAY CONSIDER IT."

Wat maak ons met die woorde? Hoekom dink jy was dit sy antwoord? Hoe laat dit jou voel?

_____

_____

Om Jesus te volg is vir sommige moeilik? Bespreek hierdie volgende woorde:

"Wat die meeste mense nie besef nie,
Is hoe duur die navolging van Christus is.
Hulle dink geloof is soos 'n knus elektriese kombers;
Maar in werklikheid is dit 'n ruwe, ongemaklik kruis" - Flannery O Connor:

_____

_____

_____

_____

Ons moet nader aan God se hart kom vir ons lewe. Tyd spandeer om by hom uit te kom. Hom die eerste prioriteit maak in die lewe. Wat is soms ons eerste prioriteit in die lewe?

Billy Graham se woorde is so mooi waar ons ook moet by uitkom oor ons verhouding met Jesus:
"By far the greatest joy of my life has been my fellowship with Jesus. Hearing Him speak to me, having Him guide me, sensing His presence with me and His power through me. This has been the highest pleasure of my life"

Hoe voel jy oor sy woorde vir jou lewe? Bespreek dit

_____

_____

Na hierdie woorde hoe help dit jou om prioriteite reg te kry in die lewe?

_____

_____

Joseph Stowell skryf:

"Life is like a galaxy. There is always something at the center that defines and directs everything else that moves around it. As the sun is to our solar system, so the Son (Jesus Christ) sould be to our existence"

Gesels saam oor die woorde:

_____

_____

Bespreek die volgende teks en hoe dit ons lewe kan verander:

"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" Matteus 6:33

_____

_____

Hierdie woorde som dit mooi op wat ons verder gaan doen in die lewe. Help mekaar om praktiese dissipelskap te kan begin leef. Waar kan julle groep betrokke raak om dissipelskap uit te leef?

_____

_____

Vriende vir die navolging van Jesus Christus *(dissipelskap) is* om die goeie nuus van Jesus te hoor die begin*,* MAAR – *die* Res van ons lewe is hoe ons daarop antwoord...

Wat sê die woorde vir jou?

_____

_____

Amen...